



TOULEIER



Klein nuweling laat die kasregister hardloop

Johan Laboesjyne van daardie baggat Afrikaanse Radiostasie TunaRadio.net wat 24/7 op die internet uit Nieu-Seeland uitsaai, vra my nou die dag of ek nie 'n reeks praatjies sal lewer oor die Saners oorsee nie. Ek sê toe ja, maar toe gaan vertel hy mos vir sy luisteraars ek gaan dit 'n grappige reeks maak. Groot fout.

Watter Suid-Afrikaner gaan woon en werk dan nou oorsee vir die grap? Mense, dis nie kinderspeletjies en pret om jou geliefdes en jou land agter te laat nie. Die man wat vir my wil vertel daar is ander redes as geld, geweld en 'n beter toekoms vir jou kinders op die spel, moet kom met sy storie. Hoe voel julle daarvoor? Laat van julle hoor. Gaan bespreek dit sommer op Tunaradio se Bakkiesboekbladsy by: *OnsDorp Kafeestoepe* of *Tuna Radionz* en skakel ook in op die internet by: www.tunaradio.net

Moet sê, hulle liedjies is almal Suid-Afrikaans en die rubrieke nogal dêm interessant.

Ek sou eerder op die lug wou praat oor hoe ingewikkeld dit oorsee kan raak om selfs net 'n geliefde troeteldier aan te hou of terug te bring Suid-Afrika toe. Vat nou maar vir my en Kamermaatjie. Nee, ek verwys nie na haar as ek van troetelgoedjies praat nie. Ons het ook nou, na vyf jaar hier in Doha, 'n nuwe 'kind' aangeneem.

So gaan haal ons toe vir klein Soomi by haar ook Suid-Afrikaanse surrogaat ouers op 8 weke. Soomi se ma is 'n Japannese Spitz wat van die straat af gered is. Die pa is vermoedelik 'n Maltese rondloperboef met net sterk genoeg gene om haar sjampanje-oortjies oor te laat vou in sulke oulike sagte flappies. Die hare is 'n mengsel van teflon en wol. Bly sag en lank skoon.

Wat meeste mense egter nie besef nie, is dat die kasregister dadelik begin hardloop soos 'n slotmasjien. Dis bedjies, speelgoed, mikroskyfie, inenting, babakos en honnehuggies, sulke doekmatjies wat hulle op piepie. Al klaar is ons ontslae van lastige ekstra spaargeldjies in die wyk van so R7000.

Dadelik verander jou lewe. Al ons pragtige persiese matte is tans opgerol en buite bereik van die nuwe disselboomdroppertjie. Toe ons nou die aand gaan uiteet, merk ek op hoe ek nou eerder net na die geregte kyk wat bene bevat. Eet toe ook 'n biefstuk met 'n T-been wat amper groter as die hond is. Eet hom ook glad nie so skoon af soos gewoonlik nie.

Onlangs neem ek toe vir Soomi vir haar eerste uitstappie aan 'n katrol-leiband. Een van daai waarmee jy verseker kan visvang ook.

Die goed werk heel lekker, maar soos met hengel moet mens net wakker wees om die brik vas te kap as dit nodig raak. Sy ruk hom skoon uit my hand uit toe 'n kar skielik om die draai kom.

Als het verder nogal goed verloop. Een keer vasgesteek vir 'n verbygaande voetganger en toe weer vir die buurman se hoenderhaan. Dit was egter 'n fout om twaalftuur te gaan stap. Die pad en sypaadjieoppervlaktes in Doha is te warm vir hulle pootjies. Mens moet maar liewer vroegoggend of saans laat gaan stap.

Terug by die huis, gee ek haar toe sommer ook haar eerste bad. Wat 'n hondestrofe! 'n Heel nuwe storie vir 'n ander tyd. Ons was albei poegmoeg na die tyd. Ek maak uiteindelik weer vrede deur die reuse T-been met seremonie aan haar te oorhandig.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Nuwe regulasies vir werknemers

Siekverlof

Ons sal voortaan nie meer 'n doktersbrief aanvaar vir siekverlof nie. Indien jy genoeg krag het om by die dokter uit te kom, is jy meer as in staat om te kom werk.

Kraamverlof

Kort kort kraam is uit. Daar sal van nou af aansoek gedoen moet word by jou departementshoof alvorens jy mag ver wag. Verlof sal slegs elke 10 jaar toegestaan word en dan ook net een maand.

Mans hoef nie eens te probeer aansoek doen om sy vrou by te staan nie.

Dit geld ook vir haar siekte of dood. Jy is nie 'n vroedvrou, dokter of begrafnis-ondememer nie, so daar is niks wat jy vir haar kan doen nie. Jy beteken veel meer by die werk.

Familieverlof

Dit sal tot jou voordeel strek as jy ten minste een broer, suster, neef, oom of tannie het wat werkloos is om vir jou te gaan pa staan as dit by familie-krisisse kom, want dié soort verlof is uitsoos koekies in die weeshuis.

Kleredrag

Trek asseblief aan volgens jou salarisvlak.

As ons sien jy kan ontwerpersklere bekostig, neem ons aan jy het nie 'n verhoging nodig nie.

Reg om uit te gaan ...



Die herkoms van ons gesegdes (16)

Krokodiltrane:

Krokodiltrane huil (huigel, veins)

Dit is oorspronklik gesê wanneer iemand op 'n skynheilige, geveinsde manier trane stort. 'n Latere ontwikkeling was dat mense dit gelykgestel het aan lang trane huil, wat met spyt en onbarmhartigheid verband hou.

Die oudste verklaring is dié wat Photius, die patriarg van Konstantinopel, in die 9de eeu v.C. gegee het.

Daarvolgens sou die dier 'n geluid maak soos 'n kind wat huil om sy slagoffers te lok, en dan boonop huil terwyl hy sy slagoffer vreet.

Hy sou dan ook huil omdat daar so min vleis aan die kop van sy slagoffer is, volgens 'n Griekse oorlewering van die 4de eeu. Ander het geglo dat die monster nie so harteloos is nie, maar huil omdat hy so 'n wrede daad moes doen.

Sommige sê dat die gesegde bloot verwys na merke onder sy oë wat soos trane lyk.

Wat nader aan die waarheid is, is dat die krokodil se traan-kliere baie vloeistof afskei as hy eet en dat dit tot dié uitdrukking aanleiding gegee het

Kromhoutsap:

Kromhoutsap gedrink hê (dronk wees)

'n Verwysing na die wingerdstompe wat allerhande verwronge vorms kan hê.

DIE PLAN

In die begin was Die Plan
en toe kom die aannames.
En die aannames was almal
sonder vorm
en Die Plan
was heeltemal sonder enige inhoud
en die donkerte het die werkers bedreig.
Hulle het onder mekaar gepraat en gesê:
"Dis sommer suiwer stront en dit stink."

En toe gaan die werknemers
na hul hoofde en sê:
"Dit is 'n pot vol stinkende ekskreta en niemand kan die reuk
uitstaan nie."

En toe gaan die hoofde na hul bestuurders en sê:
"Die ding is vol ontlasting en dis baie sterk,
niemand kan dit verduur nie."

En die bestuurders gaan toe na hul
afdelingshoofde en sê:
"Dis 'n houer vol kunsmis en niemand kan die krag weerstaan nie."

Toe gaan die afdelingshoofde na die direkteure en sê:
"Dit bevat iets wat plantegroei bevorder en dit is baie sterk."

Toe gaan die direkteure na die hoof uitvoerende beampte en sê:
"Dit verbeter groei en is baie kragtig."

En die hoof uitvoerende beampte
gaan na die Raad en sê:
"Hierdie nuwe plan sal aktief
bydra tot die groei
en effektiwiteit van hierdie organisasie."

En die Raad bekyk die Die Plan
en sien dat dit goed is
en Die Plan word die maatskappy se amptelike beleid.

En dit is, soos Forrest Gump sê:
"How shit happens."

Ek het in Londen 'n kar gesien met 'n
bufferplakker



Toe breek ek die kar se voorruit, steel die selfoon en
die skootrekenaar en los 'n boodskap:

VOEL JY NOU BETER?

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

DEESDAE



DIE REGTE BOEK

'n Man stap by Exclusive Books in en vra die jong dame agter die toonbank:

"Het julle daardie nuwe boek wat spesiaal geskryf is vir mans met kort trotties? Jammer, ek kan nie sy titel onthou onthou nie."

"Ek is nie seker of hy al in is nie," antwoord sy.

Hy sê: "Ja! Dis hy, dankie, ek wil hom graag uitneem."

VERKEERDE HEMP

Oom Fanus se storie van die ou wat die drie maande doodsvonnis by die dokter kry:

Hy het vreeslike hoofpyn gehad en klokkies in sy kop hoor lui. Niks wat ht gedrink het, het gehelp nie.

Hy besluit hy gaan die 3 maande rojaal lewe en begin met die koop van nuwe klere.

Die winkelassistent vra watter grootte boordjie hy dra.

Op sy antwoord dat hy 'n 17 dra, meet die ou gou sy nek en sê:

"As jy 'n 17 dra gaan jy hoofpyne kry en klokkies in jou kop hoor lui.

"Jy moet 'n 18 dra".

EENDAG IN 'N KROEG

'n Man het by die kroeg ingestap en gaan sit toe die kroegman hom wil bedien en vra wat hy wil drink.

"Niks nie, dankie. Ek het alkohol een keer probeer en nie daarvan gehou nie."

Die kroegman stoot toe 'n bakkie met tjips en grondbone nader.

"Nee, dankie," sê die man. Ek het dit een keer probeer en niks daarvan gehou nie."

"Wel," sê die kroegman, "wil jy dalk 'n sigaret probeer?"

"Nee, dankie. Ek het een keer probeer rook, maar ek het niks daarvan gehou nie. Eintlik sit ek net hier en wag vir my seun."

"Aha!" sê die kroegman, "ek neem aan dis jou enigste kind?"

C.J. LANGENHOVEN

As jy lewe moet jy spook anders sê die mense jy is dood. Maar as jy dood is, moet jy stil lê anders sê die mense jy spook . . .

VERSOEKINGS

Soos jy ouer word, word dit al hoe makliker om versoekings te vermy. Daar kom 'n stadium wanneer hulle begin om jou te vermy.

VLERMUISE

Drie dominees was besig om die kerke se vlermuise probleme te bespreek.

"Ek het drie katte in die kerk aangehou, maar dit het niks gehelp nie," sê nommer een.

"Ek het die kerk met gif laat spuit, maar na drie dae was hulle terug," sê nommer twee.

Nommer drie was suksesvol, en vertel: "Ek het hulle as lede van die gemeente aangeneem, en sedertdien was nie een van hulle weer in die kerk nie."

ANDY CAPP deur Reg Smythe



OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Sê nou die Duitser se plan het gewerk?

Jare gelede, so herinner ek my, het regsgeleerdes in gevalle waar hulle iemand moes verdedig wat ooglopend skuldig was, soms gevra dat die hof moes bevind dat die beskuldigde tydelik waansinnig was. Dit sou dus beteken dat so 'n persoon nie toerekeningsvatbaar was toe die misdaad gepleeg is nie.

Of die argument nog 'n geldige argument is, laat ek oor aan diegene wat meer as ek van sulke sake weet.

Stap vandag deur die ou begraafplaas in Kerkstraat-wes en as jy 'n bietjie soek, sal jy by die graf van Hans Cordua uitkom. Nou nie juis 'n naam wat jy in elke geskiedenisboek sal kry nie.

Hans Cordua was 'n Duitser wat teen 1896 na die ou Transvaal gekom het. Toe die Anglo-Boereoorlog in 1899 uitbreek, het hy hom as vrywilliger en offisier by die Staatsartillerie aangesluit. Toe Pretoria ná net 'n bietjie minder as agt maande in Britse hande geval het, het Cordua oënskynlik besluit genoeg is genoeg, homself oorgegee en die eed van getrouheid aan koningin Victoria geteken.

Herr Cordua het egter nog glad nie sy veglus verloor nie. In sy kop het 'n plan begin posvat waarmee hy feitlik eiehandig die oorlog vir die Boere kon wen. Of so het hy gedink.

Cordua het gereken dat as hy die Britse aanvoerder, Lord Roberts, kon ontvoer kan hy die bejaarde krygsmans gyselaar hou. Hy sou dan dreig om Roberts dood te maak indien al die Britse troepe nie uit Suid-Afrika onttrek word nie.

Die eerste stap in sy plan was om hom as vrywilliger by die Britse weermag aan te sluit. Verbasend genoeg het die Britte hom in hul midde verwelkom en hom van 'n Britse kakie-uniform voorsien. En toe maak hy droog. Hy begin by van die plaaslike drinkplekke spog oor sy plan.

'n Engelsman was nog nooit juis 'n vergewensgesinde spesie nie. Toe hulle van Cordua se plan hoor, is hy onmiddellik in hegtenis geneem en voor 'n krygshof gedaag. Hier is hy met die spreekwoordelike boek gegooi. Hy is aangekla dat hy (1) onder valse voorwendsels die uniform van 'n soldaat in Haar Majesteit se weermag bekom het, (2) sy eed van getrouheid verbreek het en (3) beplan het om 'n sekere Britse offisier te ontvoer.

Hy is op al die aanklagte skuldig bevind en op elkeen tot die dood veroordeel. Op 24 Augustus 1900 het hy voor 'n vuurpeloton aan sy einde gekom.

Ver van sy vaderland en sy geliefdes het Hans Cordua roemloos gesterf.

Staan ek nou die dag weer by sy graf. Toe wonder ek: Was hy ernstig, of het hy sy planne in 'n oomblik van tydelike waansinnigheid gesmee?

Ek meen, dink net as sy plan kon gewerk het . . .

KOSMAAK in die oorlog

Een van die daaglikse pligte op kommando was om vee te slag. Die vleis is in stukke gesny en op die gelsagte dier se wel gepak. Die vleiskorporaal het 'n naamlys in sy hand gehad en met sy rug na die uitdeler gestaan. Die uitdeler het met 'n stuk vleis in sy hand gestaan, en dit het dan gegaan aan die man wie se naam uitgelees is.

Groepies in dieselfde korporaalskap het kookspanne gevorm wat mekaar afgewissel het.

Wanneer vleis oor die kole gebraai is, het elkeen vir homself gesorg. 'n Gewilde metode was om stukkie maer en vet vleis aan 'n spit te ryg. Vleis is dikwels ook direk op kole gebraai of onder die warm as toegekrap.

Biltong is van repe gepekeld rou vleis gemaak en dit is dikwels in die saalsak gebêre wanneer die burger vir 'n paar dae op patrollie uit is.

Uitgeholde miershope waarvan die poreuse openinge met vars klei of beesmis toegesmeer is, het veral in die guerrillafase uitstekende oonde uitgemaak.

Uit die wakis

Stories vir die vaak

REMUS RUDD

'n Kwessie van perspektief

Die volgende storie wys net weer eens hoe belangrik dit is om te weet wie die geskiedenis opgeteken het. Dit hang net af hoe jy wil hê mense moet dit sien.

Judy Rudd, 'n amateur genealogienavorser in die Suidooste van Queensland, was besig om navorsing te doen oor haar eie stamboom toe sy op 'n foto afkom van Remus Rudd, groot- groot oom van beide haar asook van die eerste minister van Australië, Kevin Rudd. Op die foto staan Remus op 'n publieke galgstallasie voor die Melbourne gevangenis.

Agterop die foto was die volgende geskryf: *Remus Rudd, perdedief. Gevang en tronk toe gestuur in Melbourne in 1883. Ontsnap in 1887 en beroof daarna die Melbourne-Geelong trein ses keer. Uiteinelik weer gevang deur die Victoria se polisie, gevonniss en gehang in 1889.*

Onlangs stuur Judy die foto na die eerste minister en vra meer inligting oor hul gemeenskaplike voorsaak.

Glo dit as julle wil maar Kevin Rudd se kantoor stuur haar toe die volgende biografiese inligtingstuk:



"Remus Rudd was wel 'n welbekende figuur in Victoria gedurende die middel tot laat 1800s. Sy sakebelange het sodanig uitgebrei dat dit waardevolle bates in die perdebedryf ingesluit het. Hy het ook intieme onderhandelinge met die Melbourne-Geelong Spoorweë gehad.

Aan die begin van 1883 het hy hom vir verskeie jare verbind tot diens aan die regering. Uiteindelik verlaat hy hulle en raak weer betrokke by die spoorweë.

In 1887 speel hy 'n sleutelrol in 'n ondersoek deur die Victoria Polisie.

In 1889 sterf Remus tragies tydens 'n openbare geleentheid wat aangebied is in sy eer. Die verhoog waarop hy ten tye gestaan het, het skielik onder hom meegegee."

IDIOTE IN AKSIE

Ek het by McDonalds se verbyryvenster gery en die kassier 'n R20-noot gegee.

My rekening was vir R10,25 en ek gee haar toe ook die 25c los. Sy sê: "Maar jy gee my te veel geld."

Ek sê: "Ja, ek weet, maar op dié manier kan jy my 'n R10-noot teruggee."

Sy het gesug en die bestuurder met my versoek genader, en hy het gevra dat ek dit herhaal.


Ek het dit gedoen en die R20,25 aan hom gegee.

Hy sê: "Jammer, dis nie hoe ons sake doen nie."

Die kassier het my toe R9,75 kleingeld gegee.

Moenie die mense by McDonalds in Maryborough, Queensland, Australië verwar nie.

Hoe neem jy 'n vrou bed toe?



Op **8** neem jy haar bed toe en vertel haar 'n storie.

Op **18** vertel jy haar 'n storie en neem haar bed toe.

Op **28** het jy nie 'n storie nodig om haar bed toe te neem nie.

Op **38** vertel sy jou 'n storie en neem jou bed toe.

Op **48** vertel sy jou 'n storie om te keer dat jy haar bed toe neem.


Op **58** bly jy in die bed om haar storie te vermy.

As jy haar op **68** bed toe neem, is dit 'n storie op sigself.



Op **78** is dit heel anders.
Watter storie?
Watter bed?
Om te wat?
Wie de hel is jy?

Die Suid-Afrikaanse president se amptelike voertuig.



NOG KERKAANKONDIGINGS

*Alle vrouelidmate kom Woensdag die elfde in die biblioteeksaal bymekaar vir 'n praatjie oor die hemel. Hoe jy daar kan kom? Vervoer is beskikbaar om 19:00 vanaf die bushalte oorkant die hotel.

*Eerskomende Sondag sal daar 'n spesiale kooruitvoering wees, waarna die kerk gesluit sal wees vir herstelwerk.

* 'n Nuwe luidsprekersisteem is in die kerk geïnstalleer. Dit is 'n geskenk deur een van ons gemeentedele ter herinnering aan sy vrou.

*Vanoggend se erediens handel oor "Ons Redder loop op die Water". Vanaand se preek: "Waar is ons Redder?"

*Me Charlene Mason van die Metodiste-gemeente het vir ons "I will not pass this way again" gesing, wat ons almal groot vreugde verskaf het.

Poskoets

Kammanuus se lesers gesels

'Inflammasie' in die krygsgevangenekamp

Neels Theron, Duiwelskloof:

Hennie, dankie vir jou ongelooflike Kammanuus! My vrou is op 24.4.13 na 53.5 jaar getroude lewe oorlede. As jy maar net weet hoe ek en sy uitgesien het na die volgende een.

Wil jou eintlik vertel van my oupa wat deur die Engelse "weggestuur" is. My ouma het my haar hele skoenboks vol briewe gegee, maar toe ek in 1956 lugmag toe is, het my suster dit geneem en verlore laat raak.

My ouma vertel van die blou sismateriaal waarvan die vrouens vir die manne onderbroeke gemaak en gestuur het. Dink altyd hoe lank dit moes geneem het. Skryf die oom aan sy vrou die volgende: "Hessie my Tessie, jou voëlnessie is vrot van die inflammasie. Tot hy blykbaar besef die swak gekleurde sismateriaal gee af as dit sweet of nat word, dan is al die gereedskap blou gekleur!

Ons het langs die treinspoor in Gezina in Pretoria gebly en as die treine daardie jare van Oos-Transvaal af kom met sulke 2m pale vir die myne het my ouma baie vir my vertel: "Kyk, Boetie, sulke pale moes jou ouma vir die blerrie Engelse in die konsentasiekamp sleep!"

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BENSON patrys0427@yahoo.com

Elizabeth Jacoba Benson, gebore 21 Julie 1937.

COETZER frik.coetzer@mtnloaded.co.za

Seun van Willem Frederik Coetzer, (Willem) van Grahamstad. Wil graag meer inligting van my Pa se familie weet.

JANSEN pwjansen65gmail.com

Ik ben op zoek naar het voorgeslacht van Gideon Agenbag, gebore 13 September 1957.

NORTJE nortjefam@telkomsa.net

Ek is Adriaan Marthinus Francois (geb 11/9/49) Ouers Adriaan Johannes Hermanus (geb. 8/11/1903 en oorl. 29/09/1057), en Johanna Petronella (née Peo) (geb.18/11/1910 en oorl. 2/1/1987 Grootvader: Adriaan Marthinus Francois. Weet iemand iets van ons verdure voorgeslagte?

OOSTHUYSEN ogilveo@gmail.com

OUERS : Okker Oosthuysen 20-04-1917 - 19 JULIE 199. Kathleen Matilda Oosthuisen (gebore Scheepers), 26 NOV 1917 - 18 APRIL 1984. Broer Melvyn Oosthuizen,

22 JULIE 1942 - 12 APRIL 2006. My geboortedatum is 26 JULIE 1952.

VAN WYK jakals1@telkomsa.net

My geboortedatum is 1972/07/22 . My ma is gebore as nooi Louw , sy is SC van Wyk gebore 1952/06/14 , my pa was AD van Wyk , hy is oorlede in Mei 1987.

Hy was van Bloemfontein af gewees. Sy stiefpa was AT van WYK, van Bloemfontein. My ma is van die Louw familie van Leeudoringstad.

VAN WYK sarievwyk05@gmail.com

Ek het inligting tot by my oupa aan vaderskant maar verder geen inligting nie.

My oupa was Eduard Johannes Agenbag gebore in Namakwaland (plek onbekend) was getroud met Anna Elizabeth (ek vermoed Engelbrecht. My pa was Gert Johannes Agenbag gebore op 14 April 1929. Hy het n broer Jan Johannes en 3 susters, Maria, Helena, en Katy gehad. Laasgenoemde twee susters was verlam ek vermoed hul het desjare polio opgedoen het. My ma was Maria Johanna Jacoba (nooiensvan ook Agenbacht), gebore in Namakwaland. Ek dink Wallekraal. Sy is gebore op 9 Oktober 1916. Sy het 4 broers Gert, Jiems, Willem en Jonsie gehad. Almal is reeds oorlede en eken my suster is enigste oorlewendes.

VISSER lemontreemarketing@gmail.com

Ek is Gerhard Petrus Visser. Vader is Arnoldus Erasmus Visser, gebore 1917 - en gesterf 1976 te Potchefstroom. Ek is op soek na informasie oor naasbestaandes asseblief.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Wie het nog nie daardie velletjies papier uit 'n koevert gehaal en daaraan geruik nie?"

Deur **DANA SNYMAN**

S kryf mense nog briewe vir mekaar? Ek praat van 'n propperse brief, wat met 'n pen op 'n vel papier geskryf is, met die datum waarop dit geskryf is bo aan die regterkant.

'n Brief wat begin met die woord "Liewe" of "Beste" of "Hallo". 'n Mens ontvang deesdae aanhoudend e-posse van mense, ja. Jy kry ook SMS'e en boodskappe oor Facebook.

Maar dikwels begin so 'n e-pos of 'n SMS of 'n Facebook-boodskap nie eens met "Liewe" of "Beste" of "Hallo" nie.

In hierdie haastige tye waarin ons leef, dit weet ek, is daar seker nie regtig meer tyd vir die tydsame ritueel van briefskryf nie: Gaan koop 'n skryfblok, skryf die brief, skeur die velletjie uit die skryfblok, vou dit op, plaas dit in 'n koevert, lek die gomstrokie agterop die koevert nat, plak die koevert toe, skryf die adres voorop, gaan na 'n posbus, pos dit, en wag en wag op 'n antwoord.

Deesdae is dit: tik jou mening, wense of behoeftes vir iemand op die rekenaar se skerm, druk 'n knoppie en verwag 'n antwoord terug. En, ja, dis seker nie 'n slegte ding nie. Maar is daar deesdae, ondanks die spoed van hedendaagse kommunikasie, minder misverstande, vooroordele en wantroue tussen mense? Dit is seker moeilik om so iets te bepaal.

Gaan mense deesdae, danksy e-pos, teksboodskappe en Facebook, nie meer slordig met taal te werk nie? En lei dit nie weer tot slordige denke nie? Om 'n propperse brief vir iemand te skryf, was nog altyd vir my 'n manier om 'n rustige gesprek met iemand te voer. Jy kan jou woorde sit en kies.

Daar is iets formeels en verfynds aan die skryf van 'n brief. Selfs wanneer jy vir iemand kwaad is, sal jy hom of haar nie sommer op papier vloek of op 'n plat manier slegsê nie. Jy sal meer beredeneerd te werk gaan. Jy sal beskaafd en verdraagsaam wees.

Jou woorde is in ink op papier vasgevang, daarom kies jy hulle mooi. O, en hoe lekker is dit nie om 'n brief in die pos te ontvang nie! Dis 'n klein ritueel. Eers kyk jy of jy die handskrif op die koevert kan herken.

Herken jy dit nie, loer jy na die poskantoorstempel. Selfs al ken jy die handskrif, skeur jy daardie koevert met 'n ligte gevoel in die hart oop. Of, wel, soms skeur jy dit net oop.

Wie het nog nie daardie velletjies papier uit 'n koevert gehaal en daaraan geruik nie? 'n Brief dra iets van die een wat dit geskryf het met hom saam.

Dis waarom dit moeilik is om 'n brief, selfs een wat slegte nuus gebring het, weg te gooi. Daar is iets permanents aan 'n brief. Dit maak gevoelens formeel, byna asof daardie gevoelens nie bestaan het nie voordat dit woorde op die papier geword het.

Net om 'n skryfblok te gaan koop, was eens op 'n tyd nogal 'n gedoente. Jy kon kies tussen verskillende soorte. In sommige skryfblokke was selfs 'n klein wit-en-blou springbokkie op elke velletjie papier gedruk. Dit was vir wanneer jy ekstra geld by die poskantoor betaal en die brief per lugpos gestuur het.

Jy het ook sulke kleinerige skryfblokke gekry met sulke sketse van blommetjies hier onder in die hoek. Die velletjie papier waarop jy geskryf het, het nie lyne op gehad nie. Jy het so 'n kartonblad waarop lyne was onder die velletjie ingedruk. Dan het die lyne deur die papier geskyn en kon jy in 'n reguit lyn skryf.

Leer kinders nog op skool hoe om 'n brief te skryf? In Afrikaans en Engels, onthou ek, is ons geleer hoe om verskillende briewe te skryf:

die persoonlike brief, die sakebrief...

Dit was ook die tyd toe jy nog, wanneer jy klaar met matriek was, 'n getuigskrif van die skoolhoof en die predikant ontvang het. So 'n getuigskrif is ook in briefformaat geskryf.

Eintlik is elke brief wat 'n mens skryf 'n getuigskrif van jouself.

Ek kan nie onthou wanneer laas het ek 'n regte brief vir iemand geskryf nie, een op 'n vel papier, een met die datum bo in die regterkantste hoek.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 4 NOVEMBER